

Die ervaring van doktorale studieleiding by een Suid-Afrikaanse universiteit

Die ondersteuning wat PhD studente ontvang deur studieleiding speel 'n belangrike rol in die tydige en suksesvolle voltooiing van hul studies, die gehalte van die navorsing wat hulle lewer asook hul tevredenheid met die doktorale proses as 'n geheel. Die studie se doelwit was om die PhD studente se ondervinding van studieleiding by Stellenbosch Universiteit te ondersoek. Ek het die kwantitatiewe data van 263 PhD studente by Stellenbosch Universiteit geanaliseer om hul ervarings van studieleiding te ondersoek.

Ek het gevind dat die geslag en ouderdom van 'n PhD student nie hul ervaring van studieleiding beïnvloed nie, maar dat voltydse of deeltydse studie en die akademiese dissipline waarin hul navorsing uitgevoer word, wel hulle ervaring beïnvloed. Ek het ook gevind dat studente se tevredenheid met studieleiding nie beïnvloed word deur die aantal studieleiers nie, maar wel deur die frekwensie van studieleiding.

Die studie gee insig oor PhD studente se ervaring van studieleiding by Stellenbosch Universiteit en ek hoop dat die studie sal bydra tot die wyer navorsingsveld oor PhD studente se ervarings van studieleiding, veral in die Suid-Afrikaanse konteks.

Eva Nel

Studieleier: Prof Liezel Frick

Mede-studieleier: Prof Kirsi Pyhältö